

Donderdag 25 Maart

Skrifgedeelte: Levitikus 20

Fokusgedeelte: Levitikus 20:22-
24, 26

Brakende land of braakland?

Wajjiqra ... En Hy (die HERE) het geroep. Dís die aangrypende naam van die boek Levitikus in Hebreëus. Vir die ou Jode het dit gevoel of uit hierdie boek 'n oorweldigende roep uitgaan: “Wees heilig, want Ek die HERE is heilig. Ek het julle (en jou en my persoonlik ook!) afgesonder uit die volke om aan My te behoort” (vs 26).

Deur die Gees ruk hierdie geweldige roep jou in 'n vreemde “wonderbare lig” in (1 Pet. 2:9) ... want Hy bewóón 'n “ontoeganklike lig” – *verblindend* (1 Tim. 6:16). God is áltyd groter as enigiets waaraan enige mens kan dink. Hy is soos die vuur wat in die doringbos brand sonder om dit uit te brand (Eks. 3). Hy is die absoluut Enige, Unieke, die Lewende sonder weerga). Hy is “die Heilige” wat wóón “op die lofsange van Israel” (Ps. 22:3). Dis *Hy* wat roep – na jou en my vandag, soos na Israel: Kom uit die doodsbestaan rondom jou ... want jy is Myne! (vs 26)

En besef jy? Sy roep weerklink selfs *uit die land* op. Die bodem walg! Dit “*braak*” (Nuwe Nederlandse Vertaling) van al die onheiligheid wat op hom plaasvind: die afskuwelikste dinge wat vloek teen die “andersheid” van die lewende God. Levitikus 20 (en 19) se lyk-lewe of graf-lewe wat mense al dieper in hulle ou natuur inskroef, neem alle hoop weg! Hulle maak die land *doodsiek*; hulle word uitgebraak ...

Daarenteen, deur Jesus Christus mag ek en jy *elke dag deel hê* aan God se eie heiligheid (sy onverganklike lewe) (Heb. 12:9, 10). “Die oue is verby, die nuwe het gekom” (2 Kor. 5:17). Daarom: *Braak vir julle 'n braakland* (Jer. 4:3). Begin opnúút heilig lewe! Vandag, in hierdie land, midde-in hierdie “wêreldnag”.

Sing: Psalm 119-1:63

Dr. PP Krüger (Paul) (Emeritus)